**UNIE-BAKKERYE**
Bakker en Banketbakkers
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES
vir alle geleenthede
★
Spesialiseer in
TROU-, VERJAARDAG- EN DOOPKOEKE
*Fabrieke te Potch. en Klerksdorp*

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII — WOENSDAG 4 APRIL 1962 — Nr. 3
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# VASTE GELOOF IN GOD VIR TOEKOMS

„Daar gaan 'n tyd kom wanneer vyandige volke sal besef dat die gepraat in die V.V.O. teen Suid-Afrika nutteloos is, ekonomiese boikotte misluk en dat hulle 'n mag van die V.V.O. na Suidwes-Afrika sal stuur," het mnr. Johan van der Vyver, lektor in die regte aan die P.U., verlede Woensdag op die eerste vergadering van die Ekonomiese vereniging gesê.

Mnr. Van der Vyver het gepraat oor die ekonomiese vooruitsigte vir Suid-Afrika in die lig van die huidige vyandiggesinde wêreldopinie.

In die begroting van 1962 het die minister van finansies R120 miljoen bestem vir die uitbreiding van die land se verdediging. Verder het twee ander ministers die afgelope week toesprake gehou waarin hulle die uitbreiding van die land se weermag geweldig beklemtoon het. Dat daar 'n slang in die gras is, is duidelik, maar wanneer die slang gaan pik, weet ons nie. In die jongste tyd het berigte van orals ingekom waarin Suid-Afrika met militêre optrede gedreig word, so bv. uit Ghana, Libië, Sirië, Senegal en Mali. Verder mag geen Suid-Afrikaner meer in Siera-Leone woon of daar gaan besoek aflê nie.

Hierdie houding jeens Suid-Afrika het gemengde gevoelens laat ontstaan. Regeringsgesinde koerante spoor die volk aan om die regering te ondersteun, terwyl aan die opposisiekant die dreigemente as pure bluf beskou word.

## Toestande vererger

Die posisie waarin die Republiek hom vandag bevind kan dan onder drie hoofde bespreek word, nl. die fout self, die oorsake en wat ons te doen staan. Die toestande word by die dag vererger deur vyandige gesinde elemente wat die wêreld opstook teen Suid-Afrika. Die grootste sondebokke hier is Suid-Afrikaners self wat die wêreld teen die Republiek aanvuur. Die moontlikheid is groot dat Suid-Afrika binne afsienbare tyd homself sal moet verdedig.



*Mnr. J. D. van der Vyver*

Die vraag kom nou by 'n mens op waarom die wêreld Suid-Afrika vandag so haat, waarom hulle ons nie 'n kans wil gee om ons eie probleme op te los nie. Die antwoord hierop is dat slegs Afrika en Asië ons vyandiggesind is omdat hulle Afrika uitsluitlik vir die Swartman wil hê. Om ons stryd te vererger gaan dit vandag vir Amerika en Rusland om die steun van hierdie 220 miljoen inwoners te verkry en die land wat dit gaan regkry is die een wat Suid-Afrika die meeste teenwerk. Die gevolg is dat die Weste nie kan of wil met die regering saamstem nie.

## Vaste geloof

Wat staan ons as Suid-Afrikaners nou te doen? Een ding sal ons niks baat nie en dit is om paniekerig te gaan wag op die dag wanneer ons aangeval word nie, maar om wel met 'n vaste geloof in God die toekoms binne te gaan. Ons moet onsself voorberei op enige gebeurlikheid sodat ons as volk kan bly voortbestaan.

● Ten slotte het mnr. Van der Vyver gesê: „Ons moet ons plig teenoor onsself en teenoor die naturel doen. Het ons nie alreeds in ons houding teenoor die naturel die vyand 'n stok gegee om Suid-Afrika mee te slaan nie?"



*Die deure van die huidige kafeteria word oopgesluit deur wyle adv. J. G. Strijdom, destydse Eerste Minister.*

# BEGROTING BEKRAGTIG

Op 'n massavergadering wat Maandagaand in die Studentesaal plaasgevind het, is die begroting deur die massa bekragtig.

Die verslag van die kommissie i.s. fondse vir studentepublikasies is eenparig aanvaar, waarop die massa ook die begroting, soos deur die penningmeester van die Studenteraad, mnr. P. E. Buys, opgestel, goedgekeur het.

# NUWE ONTSPANNINGSAAL IN VOORUITSIG

Die Studenteraad het op die oomblik groot planne vir die aanbou van 'n nuwe ontspanningsaal. Die saak moet egter nog eers deur die Raad van die Universiteit goedgekeur word.

Hierdie ontspanningsaal sal voorsien in 'n groot leemte wat lank reeds bestaan. Die binnemuurse sportsoorte is op die oomblik op die vlakte. Tafeltennis, Judo en Stoei moet almal die saal gebruik, terwyl Thalia en Alabama ook plek nodig het om hulle repetisies te hou. Daarby maak die Universiteit ook gereeld van die saal gebruik om sy funksies en plegtighede te hou. So is die Ontgroening hierdie jaar baie bemoeilik deurdat daar gedurende daardie tyd aanvullingseksamen in die Studentesaal geskryf is. Die stoele in die saal moet gereeld in-en-uit gepak word. Die Totiusgedenksaal word misbruik.

As die S.R. se planne ten uitvoer gebring word sal daar twee sale bo-op mekaar gebou word en elk sal sowat 350 na 400 mense kan huisves. Hierdie ontspanningsale sal dan hopelik in ons behoeftes voorsien. Op die oomblik is daar twee moontlike terreine in gedagte. Die een is ten noorde van die Kafeteria en die ander ten noorde van Uitspan.

● Indien die terrein ten noorde van die Kafeteria goedgekeur word, sal ingrypende veranderinge in die huidige gebouekompleks van die Studenteraad aangebring word. Veral 'n vergrote Kafeteria sal in hierdie opsig 'n goeie stap vooruit wees. Sedert die ingebruikneming van die Kafeteria, ses jaar gelede, het die studentetal van die Universiteit so snel toegeneem dat so 'n stap deur almal verwelkom sal word.

# NUWE SAKWAPEN VIR STUDENTERAAD

Nog in hierdie jaar sal ons S.R.-lede almal met 'n splinternuwe wapen op die sakke van hul baadjie kan spog. Uit Studenteraadskringe word berig dat die bekende ou wapen met die groen lourierkrans van die toneel gaan verdwyn.

Daar is lank reeds gevoel dat die ou wapen nie geskik is nie. Met die wit dele daarin wat so gou vuil word is die wapen effens onprakties. 'n Ander beswaar was dat dit lomp voorgekom het met die lourierkrans se groot blare en dat die hele wapen buitendien so gekompliseerd was dat 'n mens nie mooi kon uitmaak wie se wapen dit nou eintlik is nie. Daarby verskyn net die letters „P.U." daarop terwyl ons Alma Mater se volle naam „P.U. vir C.H.O." is.

## Modelle

Die idee het toe verlede jaar posgevat om 'n nuwe wapen te laat ontwerp. Op die oomblik is daar 'n paar modelle klaar wat deur die S.R. ondersoek en bespreek word. Hierdie modelle is sonder die gebreke van die ou wapen. Daar is nog nie finaal oor hierdie saak besluit nie, maar daar word gehoop dat die nuwe sakwapen van die Studenteraad teen Mei vanjaar gereed sal wees.

'n Ander nuwigheid wat vir die S.R. in die vooruitsig gestel word, is 'n metaalwapen wat aan die baadjielapel gedra kan word. Dit sal 'n replika wees van die sakwapen.

● Ons sien uit daarna om die S.R.-lede in al hulle nuwe prag en praal te aanskou.

# Stigting van A.S.P.U goedgekeur

Stigting van 'n Afrikaanse Studentepersunie is Saterdag op 'n konferensie aan die P.U. vir C.H.O. finaal goedgekeur. Die Unie omvat Afrikaanse Studentekoerante van alle inrigtings vir hoër onderwys in S.A.

'n Grondwet is opgestel en finaal bekragtig. Die doel is die bevordering van die gemeenskaplike belange van die Afrikaanse studentekoerante; die uitruil van nuus en fotografiese materiaal tussen Afrikaanse inrigtings vir hoër onderwys onder die standaard van Afrikaanse Studente koerantjoernalistiek en andersins op 'n hoë peil te hou en navorsing en studie te doen ten opsigte van Persaangeleenthede in Suid-Afrika.

Die Persunie is 'n organisatories saambindende liggaam maar sal nie aan die studentekoerante voorskryf wat hulle moet doen nie.

Die konferensie het besluit om nie 'n afsonderlike publikasie uit te gee nie. Lang bespreking is gevoer oor die moontlikheid van 'n maandelikse afgeronde inligtingsbulletin. Die hele aangeleentheid is opgedra aan die direkteur van publikasies op die hoofbestuur van die A.S.B., mnr. B. J. du Toit wat verslag sal doen op die volgende kongres.

In verband met A.S.P.U. sal mnr. D. A. S. Herbst verslag doen aan die kongres. Indien die kongres sy goedkeuring verleen aan A.S.P.U. — wat in die stadium bloot 'n formaliteit behoort te wees — sal die eerste uitvoerende bestuur nog tydens 'n konferensie gedurende vanjaar se A.S.B.-kongres gekies word.



*Mnr. D. A. S. Herbst*
*Foto: Fotokuns.*

Die konferensie op Potchefstroom is bygewoon deur 19 afgevaardigdes van verskillende studentekoerante oor die hele land.

Mnr. G. Pienaar, hoof van die Departement Perswetenskap het Vrydagmiddag opgetree met 'n lesing oor die aard van beriggewing in die studentekoerant. Mnr. J. D. van der Vyver het Saterdagoggend die kwessie van laster in die studentekoerant bespreek.

Mnr. D. A. S. Herbst se verslag is Vrydag gelewer en bespreking daaroor het Saterdagoggend gevolg.

# COLLEGIUM MUSICUM BIED PROGRAM OOR KUNSLIED

Die eerste Collegium Musicum programaand van vanjaar is op Woensdagaand 28 Maart in die Konservatoriumsaal aangebied. Die program was gewy aan die kunslied, een van die mees gewilde musiekgenres. Die soliste van die aand was die alt Sarie Lamprecht wat begelei is deur Pieter de Villiers.

Die eerste gedeelte van die aanbieding is gewy aan die Duitse Kunslied. Vier liedere elk van Schubert, Strauss en Mahler is met insig en gevoel vertolk. „Die Rastlose Liebe" van Schubert, „Schlagende Herzen" en „Caecilia" van Strauss, „Scheiden und Meiden" van Mahler het groot byval geniet.

Toonsettings deur W. H. Bell van N. P. van Wyk Louw gedigte en John Joubert van drie W. E. G. Louw verse het die tweede gedeelte van die aanbieding beslaan. Die program is afgesluit met werke van Respighi en di Domenico.

Sarie Lamprecht is 'n verhoogkunstenares by uitnemendheid. Die gehoor het vanuit die staanspoor onder die bekoring van haar ryke stem gekom. Veral haar vertolking van die Duitse liedere het getuig van buitengewone aanvoeling en insig en haar vloeiende uitspraak by die Italiaanse lied, veral by die bekoorlike Invito alla Danza was opmerklik. Dwarsdeur die program is haar vertolkings met spontane applous en encores begroet.

Die begeleiding van Pieter de Villiers was puik. Hy het met suiwer aanvoeling hom uitstekend van sy taak gekwyt. Pieter de Villiers, tans verbonde aan die S.A.U.K., is welbekend in musiekkringe as pianis en begeleier.

Die Collegium Musicum beoog nog vyf programaande vir 1962. Alle belangstellendes wat daarby wil aansluit moet dit doen voor 30 April 1962. Die lededonasie bedra R2.10 betaalbaar by die Konservatoriumkantoor.

## Sielkundige voor Korps

Korps het vanjaar sy eerste vergadering op 14 Maart gehou en dit is besonder goed deur die studente bygewoon.

As spreker het opgetree mnr. Barnard van Witrand. Hy het die studente toegespreek oor die oorsake, ontstaan en verskillende vorme van swaksinnigheid. Ter toeligting het mnr. Barnard kleurskyfies getoon wat besonder interessant was.

## Ondervoorsitter van A.S.B.

Mnr. Idyll van der Walt is verlede Woensdagaand tydens die ledevergadering van die A.S.B. verkies tot die nuwe ondervoorsitter van die plaaslike tak van die A.S.B. Na afloop van die verkiesing is mnr. Van der Walt ook deur die bestuur tot die Studenteraad verkies. Mnr. Van der Walt volg mnr. Dewald Roode op wat weens drukke werksaamhede genoodsaak was om te bedank.



*Mnr. Johan Pepler, voorsitter van Thalia.*

## SIMPOSIUM

*Die volgende vergadering van A.S.B. vind plaas op Woensdagaand, 11 Apr. in die Studentesaal. Die vergadering sal die vorm aanneem van 'n simposium oor die samelewingsverhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes.*

*Mnr. Paul Kruger sal praat oor die praktiese sy van die saak en mnr. Idyll van der Walt oor die teoretiese aspek.*

*Pogings word tans aan die werk gestel om 'n film van die Departement van inligting te verkry. Vermoedelik sal dit handel oor die TRANSKEI.*

*Die plaaslike tak van die A.S.B. sal eerskomende Donderdag, 5 April besoek ontvang van die bestuurslede van die A.S.B. van Tukkies.*

## THALIA BEGIN GOED

Thalia het sy programjaar ingelei met 'n skitterende aanbieding deur eerstejaars van H. A. Fagan se „Die Swakkere Vat."

Die aand het 'n aanvang geneem met musiekitems verskaf deur die Alabama-orkes en twee van hul mees belowende eerstejaars nl. Piekie Smit en C. Welman wat gewilde sangnommers gelewer het.

Die régie van „Die Swakkere Vat" was met een woord puik. Mej. Trudi Grey von Pittius ken beslis die kuns om die beste uit spelers te voorskyn te laat kom. Die rolle is deurgaans met oortuiging en inlewing vertolk.

Die bedaarde en wyse mnr. Lindeberg, prokureur, is vertolk deur Jannie van der Walt, die bekwame sekretaresse deur Johanna du Toit en die verliefde paartjie deur Gerhard Labuschagné (Bonthuys) en Rika de Lange (Bella). Arrie de Beer was die ontstuimige, impulsiewe mnr. Faure en sy bedaarde eggenote is skitterend vertolk deur Retha Malan.

Die grimering was deurgaans goed en netjies gedoen, behalwe vir een paar oë, —wat 'n bietjie oorbeklemtoon was. Die décor was maar weer in die gewone Thalia-styl sonder enige atmosfeerskeppende vermoë: 'n Kantoor sonder lessenaar, sonder snippermandjie, sonder almanakke, sonder 'n tikmasjien, sonder lêers, sonder enigiets wat 'n mens aan 'n ware kleindorpse prokureurskantoor herinner.

Hierdie klompie eerstejaars het beslis nuwe talent in Thalia ingebring en 'n mens kan die hoop koester om hulle weer vanjaar op die verhoogplanke te sien optree.

## Volkspele kursus

Op die 16 en 17de Maart is 'n Volkspele leierskursus te Wolmaransstad gehou wat deur die Pukke bygewoon is.

Mej. Hermien le Roux het as leidster opgetree, terwyl Teertse Vorster die sekretaris was.

Dit was 'n baie leersame kursus waar daar altesaam twintig nuwe spele bygeleer is en waar daar verskillende wysigings aangebring is met betrekking tot ander meer bekende spele.

'n Voorspoedige jaar word in die vooruitsig gestel op hierdie gebied.



*Mej. Hermien le Roux.*

## FOTOS VAN KAT

Sal enige persoon wat tydens die 1961 intervarsity foto's geneem het van die „kat" asseblief in verbinding tree met mnr. Chris Putter, Over de Voor, tel. X041/X068.


# Hierdie 1961 Graadfoto's is nie so goed nie! waarom nie?



omdat ons sedert 1961 'n nog betere kwaliteit kan aanbied.
Ons fotografeer u in 3 tot 5 verskillende posisies en elkeen daarvan het ons persoonlike aandag.



**U moet nie kanse vat nie!**
**Daarom:**
**Bespreek nou by:**

# FOTOKUNS

Potchefstroom — Tomstraat 82
Foon 3185

# VOLK IS DIE PERS — Dr. Potgieter

Die oplossing van persprobleme in Suid-Afrika rus in die eerste plek op die skouers van die bevolking, het dr. Fritz Potgieter, onderhoofredakteur van Die Transvaler, Vrydagaand voor die konferensie van die Afrikaanse Studentepersunie gesê.

Wanneer 'n koerant oortree, is die swaarste straf wat daardie koerant opgelê kan word die feit dat die publiek sal weier om hom te lees.

Dr. Potgieter het verklaar dat persbeheer 'n algemene verskynsel in Westerse lande is. Oor die pasvoorgestelde kode van die Nasionale Persunie het hy gesê dat dit 'n goeie kans het om te slaag. Die uitvoering van die kode moet geskied na die gees daarvan en nie na die letter van die wet nie.

Die perskode stel hom ten doel, het dr. Potgieter vervolg, om toe te sien dat die hoogste professionele en kommersiële standaarde deur Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte gehandhaaf word.

Die kode doen 'n beroep op die vrywillige onderwerping deur redakteurs, joernaliste en koeranteienaars daaraan.

Vryheid van die pers bestaan nie in losbandigheid nie, maar setel in verantwoordelikheid. Hierdie vryheid is onlosmaaklik gekoppel aan die vryheid van die indiwidu — dit is onderhewig aan dieselfde wetlike en morele standaarde wat die indiwidu vir homself stel.

Om die vryheid van die indiwidu te beskerm, betaam dit almal wat met die pers te doen het, om in die uitvoering van hul pligte die hoogste standaarde daar te stel. Die publiek moet 'n korrekte inligting van feite kry en kommentaar moet op 'n regverdige en billike wyse gelewer word.

Wat nuus betref, moet in die aanbieding daarvan geen moedswillige afwyking van feite wees deur verdraaiings, weglatings of skewe voorstellings nie. Waar twyfel bestaan oor die betroubaarheid van 'n nuusberig moet dit vooraf gekontroleer word.

Beriggewing oor en aanbieding van seksuele sake moet nie oordryf word nie. Ook moet die gebruik van onkuise en liederlike materiaal vermy word.

Met betrekking tot kommentaar, het dr. Potgieter gesê, word aanvaar dat dit gedoen word op grond van ware feite. Dit moet 'n eerlike uitdrukking van mening wees sonder kwaaie bedoelings.

Dit is ook die taak van die pers om by die aanbieding van nuus en kommentaar rekening te hou met die besondere rasseprobleme van Suid-Afrika, sowel as die algemene welsyn en veiligheid van die land en sy mense.

Die kongres van die Suid-Afrikaanse Persunie het onlangs 'n konstitusie vir 'n vrywillige verwysingsraad en gedragskode vir die Suid-Afrikaanse pers goedgekeur, het spreker gesê.

Die verwysingsraad sal bestaan uit drie lede: 'n voorsitter, wat 'n afgetrede regter sal wees, en twee ander lede. Die lede word vir 'n tydperk van drie jaar aangestel.

Aangeleenthede wat in terme van die wet besleg kan word, sal nie deur die raad aangehoor word nie. Wanneer 'n koerant die gedragskode oortree, sal hy deur die raad betig word.

Die raad kan dan beveel dat sy bevindings en betigting gepubliseer word op 'n wyse wat hy geskik ag. Hy kan ook beveel dat korreksies geplaas word.

# AFRIKANERSTUDENT EN DIE PERS

„'n Ware student is 'n persoon wat 'n gesonde balans handhaaf tussen akademiese werk en studentelewe".

So het mnr. D.A.S. Herbst, voorsitter van die Afrikaanse Studentepersunie, Vrydagaand tydens die amptelike opening van die konferensie in die Hoofgebousaal gesê.

Die vorming wat die student uit die studentelewe kry, moet hy gebruik en beskou as voorbereiding sodat hy sy plek in die lewenspraktyk met verantwoordelikheid en gesag kan volstaan.

Afgesien van die baie terreine waarop die Afrikanerstudent beweeg, het hy ook 'n besondere taak teenoor die pers.

Die studentepers is die kragtigste orgaan wat studente het om hulle denkwyse en standpunte bekend te stel. Studentekoerante het afgesien van 'n inligtingstaak ook 'n opvoedingstaak: die Afrikanerstudent moet voortdurend bewus gehou word van die omstandighede van die land en die wêreld waarin hy hom bevind.

Studentekoerante lewer 'n vername rol in die uitbouing van die denkrigting van die Afrikaner.

Prof. Jan van der Merwe, hoogleraar in Aardrykskunde, het dr. Potgieter aan die gehoor voorgestel. Die bedanking is gedoen deur mnr. Koos de Wet, sekretaris van die Hoofbestuur van die A.S.B.

## Ekonome op toer



*Mnr. Naas Raubenheimer, voorsitter van die Ekonomiese Vereniging.*

Gedurende die eerskomende April-vakansie onderneem die P.U. Ekonomiese-vereniging 'n studietoer na Durban en omliggende gebiede. 'n Groot aantal nywerhede sal besoek word. Die groep vertrek die veertiende April met die Puk-bus en sal waarskynlik tydens hulle verblyf op die strand uitkamp. Met ons ter perse gaan was dit nog nie bekend wie die reisouers sal wees nie.

## Welsprekendheid

*'n Besonder interessante praatjie oor Welsprekendheid, is Donderdag 29 Maart deur mej. H. de Klerk van die Dale Carnegiekursus, in die Studentesaal gelewer.*

*Sy het oor die metodes van toespraak opstel en oor die voordra daarvan in besonder, uitgewei en beklemtoon dat 'n spreker so ver moontlik sonder die hulp van aantekeninge moet optree. Persoonlike ondervinding is ook baie belangrik by die keuse van 'n onderwerp.*

*Die vraestellers wat prikkelende vrae gestel het, was veral mnre. J. H. Boneschans, P. W. Bingle, D. A. S. Herbst, F. de Villiers en H. Viljoen.*

# REGTER MARAIS OOR PERSSENSUUR

Woensdag, 21 Maart was die Studentesaal stampvol toe regter J. F. Marais by die A.S.B. vergadering die studente toegespreek het oor „Koerante en sensuur."

Dit het alles daarop neergekom dat sensuur in Suid-Afrika heeltemal onmoontlik is. Ons sal heel eerste die buiteland teen ons kry as daar perssensuur ingestel word en tweedens sal perssensuur ook nie doeltreffend wees nie aangesien enigeen dan nog 'n berig vanuit Rhodesië kan stuur. Sensuur is dus prakties onmoontlik. Dit is onmoontlik om by wyse van wetgewing te sorg dat 'n koerant 'n opbouende, lojale, patriotiese houding aanneem.

### GEDRAGSKODE

Daar is egter onlangs 'n gedragskode vasgelê. Dit het gekom as gevolg van die optrede van die perseienaar self; alle perseienaars sal hulle dus by hierdie gedragskode hou, maar dit is nog nie te sê dat alle joernaliste hulle by hierdie kode sal neerlê nie. Wanneer 'n koerant hierdie kode egter veronagsaam sal daar deur die verwysingsraad teenoor hulle opgetree word. Die straf wat hier kan opgelê word is dat die betrokke koerant berispe kan word, of dat daar geëis kan word dat 'n korreksie geplaas sal word. Dit is dus duidelik dat dit nie die straf is wat hier tel nie, maar geen koerant is begerig om voor die verwysingsraad te verskyn nie.

Regter Marais is glad nie bevrees dat hier enige perssensuur in die Republiek sal toegepas word nie.

## Kunsuitstalling

*Die Agfa filmmaatskappy reël 'n fotokunsuitstalling in al die groot stede van die wêreld. Hierdie uitstalling sal ook in die hoofstede van Suid-Afrika gehou word.*

*In samewerking met die nuwe Agfa-ateljee, langs die Insleepkafee in Tomstraat, sal die kunsfotos ook in Potchefstroom in die Totiussaal tentoongestel word, het mnr. J. H. Boneschans verklaar.*

## Regsvereniging bestuur

Die volgende regstudente is deur die P.U. Regsvereniging verkies tot bestuurslede:

*Voorsitter*: P. Henning.
*O.Voorsitter*: J. Botha.
*Penningmeester*: I. Vorster.
*Sekretaresse*: Mej. I. Rumff.
*Addis. Manslid*: Nic Pretorius.
*Addis. Dameslid*: S. Barnard.

## Tweedejaarspiekniek Verloop goed

Met die dou nog glinsterend op die grashalms, het die piekniekgangers van die tweedejaarspiekniek, vertrek na die oewers van die Vaalrivier by Schoemansdrif.

Al gou het 'n ieder en 'n elk nes geskop onder die bome en is die lug gevul met 'n heerlike koffiegeur. In 'n spontane gees is daar na ontbyt deelgeneem aan speletjies soos ringtennis, toutrek, jukskei ens. Eetware en verversings van alle aard was in oorvloed gewees en almal het „vreetsaam" verkeer, onderwyl Lou van Wyk en Anita Swart die kroon gespan het op 'n lieflike maal met platemusiek.

Na afloop van die dag was almal dit eens dat dit sommer 'n baie aangename dag was wat nog lank onthou sal word.

## Kultuurweek van A.B.K.K.

*Die A.B.K.K. reël 'n kultuurweek in Meimaand, het mnr. J. H. Boneschans verklaar, en dit sal daartoe bydrae om die gehalte van ons eie kuns te verhoog.*

*Talentvolle persone uit die studentemassa, asook uit die publiek sal optree en die programme sal in konsertvorm aangebied word.*

*Hierdie kunsweek vind plaas in samewerking met die kultuurraad van Potchefstroom.*



*Mnr. J. H. Boneschans, voorsitter van die A.B.K.K.*

# DAWIE DUP WEN VASVRA

Dawie du Plessishuis het die eerste ronde van die Interkoshuisvasvraereeks Saterdag 24 Maart gewen. Hulle het 'n puntestand van 14½ behaal, teenoor Klawerhof en Over de Voor se 13 punte.

Die vasvrawedstryd het besonder interessant verloop en op een stadium het dit gelyk asof Dawie Dup. los voor gaan wen en asof Over de Voor baie ver gaan verloor.

Die vrae was van 'n besonder interessante gehalte — sommige miskien 'n bietjie moeilik — maar net genoeg om 'n mens goed kop te laat krap.

Mnr. Paul Kruger was die vraeopsteller van wedstryd no. 1 en die lede van die verskillende spanne was soos volg:

Dawie du Plessis:

Mnre. D. A. S. Herbst, F. de Villiers, J. van der Elst, en F. A. Ponelis.

Klawerhof:

Mejj. L. Twyman, P. Koole, C. van Rooyen en H. Samuels

Over de Voor:

P. W. Bingle, P. J. J. S. Potgieter, P. J. de Klerk en F. van der Walt.

Die volgende wedstryd vind op 13 April plaas, het mnr. J. H. Boneschans in 'n onderhoud verklaar, wanneer de Klerkhuis vir Heimat en Ons Huis 'n ding of twee gaan wys.

Die 10de Mei is dit Piet Groblerhuis, Cachethuis en Uitspan se beurt en op 17 Mei kom die wenners van die drie wedstryde teen mekaar te staan.

### TROFEE

'n Wisseltrofee sal aan die Koshuis wat wen, geskenk word. Hierdie behoort 'n baie gesogte trofee te wees en daar word verwag dat die geesdrif en teenstand baie hoog gaan wees.

Die Debatsbestuur het hier 'n baie interessante en oorspronklike wedstryd aan die gang gesit en dit sal sekerlik daartoe bydrae om die gees tussen die koshuise te bevorder.

## Massavergadering lewendig

Woensdagaand, 27 Maart, is die eerste Massavergadering van die jaar in die Studentesaal gehou. Die vergadering is goed bygewoon en vir die eerste keer in baie jare was die bespreking lewendig en met tye wou-wou die gevoelens het hoogloop.

Die begroting was goed onder skoot en veral ten aansien van publikasies is 'n kommissie aangewys om moontlikhede van meer finansies te ondersoek.

Die kleredrag van studente en moontlike inskakeling van akademiese verenigings onder die Studenteraad is ook deur die massa bespreek.

Mnr. J. J. de Wet Krüger se mosie wat onder andere ingehou het dat die studentemassa van die P.U. vir C.H.O. sy volle steun toesê aan die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling en veral soos in die Transkei in die praktyk toegepas.

**Onthou 3091**
Skakel hierdie nommer vir
**diens!**

**DIE BULT APTEEK**
**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:
★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.
★ Egte Franse DANA PARFUUM, en
★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

**Wes-Transvaalse**
**SPORT-WINKEL**
Kerkstraat 85

enigste
verskaffer
van
Offisiële
Kleure

**Lucille**
die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp.

**Fleurette Bloemiste**
Sleep in by:
*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*
Kerkstraat 143 — Telefoon 709

**SUPERETTE**
**Tomstraat 100**
**Potchefstroom**
Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van
KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

**INSLEEP**
Dames en Here.
Kom besoek die
**Afrikanerkafee**
Ons is altyd tot u diens. Kom geniet 'n glas vars melk, 5 sent per pint.

die Wapad

# Volwassenheid in verskil

Die element van verskeidenheid speel 'n belangrike rol in die lewe van elke individu. Subjektief verskil elke denker van die ander. Elkeen het sy eie konsepsie oor 'n bepaalde aangeleentheid wat hy grond op 'n objektiewe oordeel oor die bepaalde voorwerp van denke.

So verskil Afrikaans- en Engelssprekende studentegroepe in Suid-Afrika onder mekaar. So verskil Afrikanerstudente onder mekaar. So verskil P.U.-Studente onder mekaar.

Die wesenseienskappe van sodanige verskille is in die eerste plek geleë in die ernstige oortuiging van die eie standpunt nadat die individu hom van alle feite en omstandighede vergewis het. Tweedens ontstaan 'n begeerte om die eie standpunt bekend te stel, diegene wat van daardie standpunt verskil te oortuig, en eindelik die eie beskouing in die praktyk van toepassing te maak.

In subjektiewe oortuiging en in verskil met andere moet dit by die indiwidu gaan om die hooflynbeginsels van sy lewens en wêreldbeskouing. Hy moet oortuig wees dat dit gaan om die eer van God, maar ook om die bevordering van die belange van sy studentegemeenskap as geheel, en in besonder oor die uitvoering van die pligte van die spesifieke amp wat hy beklee.

Op hierdie fondament gegrond, sal daar op volwasse wyse van mekaar verskil word. Dan sal bespreking op 'n massavergadering nie in 'n haarklowery ontaard nie, maar 'n gesonde faktor wees wat alleen kan strek tot voordeel van die studentelewe in die breë.

'n Verdere element is lojaliteit teenoor die gesagsdraers wat deur die individu self daar gestel is. Dit beteken nie dat daardie leiers kan bak en brou soos hulle wil nie, maar daar kan en moet voortdurend kontrole uitgeoefen word langs die regte kanale wat daarvoor aan die massa beskikbaar gestel is.

Kritiek is altyd positief en progressief as dit opbouend van aard is en ten doel het die diens aan die studentegemeenskap. Dit is egter negatief en tot die grond toe vernederend vir die kritikus self as dit afbrekend is en sentreer om persoonlike vooroordele.

Laat ons onder mekaar verskil en sodoende bou. Maar laat ons volwasse wees in ons verskille want alleen volwassenes kan die geweldige verantwoordelikheid dra wat die bestuur van 'n Studenteraad, op bestuurslede van onderliggame en op elke individuele lid van die studentemassa lê.

# A.S.P.U.

Soos elders in hierdie uitgawe berig, is die stigting van 'n Afrikaanse Studentepersunie die naweek finaal goedgekeur op 'n vergadering van Afrikaanse studentekoerantredakteurs in Potchefstroom.

Gedagtes oor die stigting van 'n Afrikaanse Studentepersunie gaan terug tot 1960 toe twee Afrikaanse studentekoerantredakteurs, mnrr. Dirk Herbst van DIE WAPAD (P.U. vir C.H.O.) en Bernard Louw van DIE MATIE (U.S.) hulle onttrek het aan die konferensie van die S.A.U.P.A., 'n assosiasie wat alle studentekoerante omvat het, omdat hulle hulle nie kon vereenselwig met die ope lidmaatskapsklousule van die vereniging nie.

Verlede jaar het die A.S.B.-hoofbestuur die stigting van 'n saamsnoerende vereniging vir studentekoerante van A.S.B.-sentra goedgekeur en gedurende die naweek is die stigting van A.S.P.U. finaal goedgekeur.

Sodanige unie moet gesien word as 'n organisatories-saambindende liggaam wat alle Afrikaanse studentekoerante verenig sonder om aan hulle voor te skryf wat om te doen. Dit moet 'n vergadering daar stel waarop koerantmanne van A.S.B.-sentra sake wat op hulle terrein lê, kan bespreek. Aangeleenthede soos sensuur, die perskode, objektiewe beriggewing, die aard van beriggewing, die samestelling van redaksies, en so meer, moet deur hulle bespreek word. Dit is sake van algemene belang, maar tegelykertyd sake wat aktueel, leersaam en belangrik is.

Die stel van 'n hoë standaard deur studentekoerante is noodsaaklik. Hoe anders kan die redakteurs aan ons Afrikaanse universiteite, universiteite wat vandag op gebied van die studentelewe die leiding in ons land moet neem, van mekaar leer en mekaar wedersyds wenke gee? Hoe anders kan hulle samesprekings voer oor sake wat hulle koerante raak? Daar is 'n gemeenskaplike liggaam die aangewese uitweg.

# In U Lig

*„En in die dag sal die nasies vra na die wortel van Isaï wat daar staan as 'n banier van die volke en sy rusplek sal heerlik wees."*
*— Jesaja 11 : 10.*

Ken u die woord en het u al u rusplek gevind?

Hoe het ook die Joodse volk deur sy geskiedenis heen gesoek na 'n rusplek. In die dae van hulle lang tog deur die woestyn, was elke oase in die dorheid vir hulle 'n verkwikking met sy koel water en skaduryke bome. En tog het die volk telkens weer met verlange uitgesien na die een plek waar die volkome rus sou wees.

So het hulle ook in die verwagting geleef dat Kanaän vir hulle die één rusplek in hierdie wêreld sou word waar hulle vir altyd kon woon. Maar het Kanaän nie die land geword van die grootste afval en sonde nie. Het God dan nie self die heidense nasies gebruik as roede in sy hand om sy volk mee te tugtig nie? Uiteindelik is dan ook die ganse volk in ballingskap weggevoer en die koningshuis van Dawid is afgekap tot aan die wortel toe.

Dit was al wat van Kanaän as rusplek oorgebly het — oorlog, dood, gesinsverbreking en wegvoering na 'n vreemde land.

Sou u dit 'n rusplek noem?

Dan roep ons uit in die grootste wanhoop en jammering — is daar dan geen rusplek op hierdie aarde nie? Is daar dan geen plek waar die moë stryder sy hoof kan neerlê nie?

Waar kan jy jou oë toemaak en weet dat dit net heerlik is om mens te wees?

● *By die kruis*

By die banier, by die kruis — daar is jou rusplek en dit is heerlik. In hierdie wêreld het Christus met sy arms uitgebrei gestaan en geroep: „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee."

Is dit nie waarna u soek nie?

Is dit nie waarna u met u hele wese smag nie?

By Jesus is daar rus en aan sy voete is daar vrede. Dit is by die dorre kruis met sy doodskaduwee dat u alles vind waarna u soek.

Want nie lank na die kruisiging was die kruis leeg.

Nie lank na die begrafnis was die graf leeg.

Jou Verlosser leef!

Waar die vloekhout staan is daar nie meer 'n vloek nie. By die kruis is daar geen wanhopige onrus meer van 'n mens wat nie weet waar hy heengaan nie.

Maar dit is alles maar nog net 'n voorsmaak van die vredesryk wat eendag gaan kom as die Christus na die aarde terugkeer. Dan sal daar geen sonde meer wees om jou lewe te vertroebel of onrustig te maak nie.

Dan sal die rus volkome en heerlik wees, as jy gewas en gereinig in die bloed van jou Middelaar, onbesmet en onbevlek die koninkryk van die Hemele mag ingaan, in sy ewige heerlikheid.

D. G. C. du Plessis.

Op 'n basis van gespreksgemeenskap, 'n samevoeging en uitwisseling van idees, 'n vergadering wat ook besluite kan neem oor dinge wat hom raak, kan die redakteurs van ons Afrikaanse studentekoerante bymekaargebring word. Dit sal 'n eenheidsoptrede in die hand werk, 'n eenheidsoptrede waaruit 'n eendragtige denkwyse van Afrikanerstudente kan voortvloei. Die Afrikanerstudent kan in die situasie van vandag nie bekostig om in splintergroepe te praat nie. Hulle stem moet een stem wees.

Dit tas die beginsel van verskeidenheid geensins aan nie. Verskeidenheid moet egter bestaan in eenheid, want waar dit sake raak wat die voortbestaan en welsyn van die Afrikaner op die spel plaas, moet die Afrikaner, en in besonder die Afrikanerstudent, eendragtig optree.

Die invloed van 'n studentekoerant word nie altyd deur die betrokke studentegemeenskap besef nie, maar dit is so dat die studentekoerante die beste weerspieëling is van die gedagte- en denkrigting van 'n inrigting se studente. Daar word vandag baie gepraat oor eenheid. Daardie eenheid moet primêr 'n *Afrikaner-eenheid* wees, 'n *Afrikaner-studente-eenheid.*

Die Afrikaanse studentekoerante, wat saamvoel en saamdink oor groot sake, kan een van die kragtigste uitbouers van daardie eenheid wees.

Mag A.S.P.U. die medium wees waardeur daardie eenheid uitgebou, voortgestu, gevestig en uitgekristalliseer word.

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
**Transvalia Meubels**
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

**Joubert Meubels**
KERKSTRAAT 201 — POTCHEFSTROOM — TELEFOON 21
VIR MODERNE MEUBELS EN ALLE HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste plaatopnames —
Kom besigtig ons groot reeks.

# Standpunte van binne en buite

In hierdie uitgawe verskyn uittreksels uit 'n brief wat van die Nasionale Federasie van Kanadese Universiteitstudente afkomstig is. Die brief is geskryf na aanleiding van die eerste uitgawe van STUDENTS' QUARTERLY, 'n tydskrif wat deur die A.S.B. uitgegee word vir verspreiding in die buiteland met die taak om aan daardie studente 'n meer reëele visie van toestande in Suid-Afrika te verskaf.

Die brief is in hoofsaak daarop gerig dat daar in die Republiek van Suid-Afrika nie vryheid van akademiese denke is nie, en ook dat vrye beregtiging op onderwysgebied nie bestaan nie. Die gekleurde rasse sou dan die onderspit delf.

Hierdie brief het prominensie geniet in VARSITY, studenteblad van die Universiteit van Kaapstad (UCT). Geen direkte kommentaar van die blad steun die standpunt van die brief nie, maar die plek wat die brief in VARSITY beklee, toon die bevrediging wat die redaksie put uit die aanval van die Kanadese studente op toestande in die R.S.A.

Dit sou 'n ongegronde bewering wees om te verklaar dat die Universiteit van Kaapstad die Kanadese studente in hulle bewerings steun. Die hoofartikels van die spesifieke uitgawe van VARSITY onderskryf egter dieselfde standpunt in die brief weergegee, sonder om van die brief melding te maak.

Die hoofredakteur stel die gees en rigting van die Universiteit aan die nuwelinge op die Universiteit. Dit lui dan dat UCT alle vorme van rasseskynheiligheid waarvan apartheid die afkeurenswaardigste is, teenstaan. Die Studenteraad, bygestaan deur NUSAS, poog om UCT so vry moontlik te hou van rasseskeiding.

Vervolgens betoog die hoofredakteur van VARSITY dat NUSAS veg vir vrye demokratiese onderwys aan almal in die R.S.A. en dat hulle ywerig die instelling van Bantoekolleges teenstaan. Dit weet almal egter, selfs nuwelinge aan enige universiteit. Dit toon egter hoe ywerig NUSAS is om alles wat die Regering, en die A.S.B., doen, te opponeer. As universiteite in Suid-Afrika so 'n gees openbaar en hulle giftige aanvalle die wêreld instuur, hoe kan ons die Kanadese kwalik neem vir die onkunde wat uit hulle brief spreek?

As regdenkende Suid-Afrikaanse studente kan ons nie anders as om te besef hoe nodig dit is om NUSAS en instansies wat soos die Studenteraad van UCT voel, heftig dog positief te bestry. Dit kan ons doen deur NIEUWS UIT ZUID-AFRIKA se fondsinsamelingsveldtog te steun. Laat dit ons oogmerk wees om die liberale propaganda van NUSAS en sy studentekring te bestry en ons steun toe te sê aan 'n instansie soos die redaksie van NIEUWS UIT ZUID-AFRIKA wat positief optree in belang van ons land en volk.

## *Students' Quarterly Gekritiseer*

Die uitgawe van die eerste „Students' Quarterly" het 'n heftige brief uitgelok afkomstig van die Nasionale Federasie van Kanadese Universiteitsstudente, aldus „Varsity", die Studenteblad van die Universiteit van Kaapstad. Students' Quarterly is 'n blad wat deur die A.S.B. in die Buiteland versprei word om toestande in Suid-Afrika te skets.

Ons haal die brief aan:

„We in Canada received and read the first issue of the „Students' Quarterly" with great interest and an equally great disappointment and distaste . . . We stand committed to supporting the proposition that education should be guaranteed to everyone on the basis of equality without regard to race, colour, sex, economic circumstances, political or ideological convictions, national or social origins.

### Vry Pers

„We are committed to defend by all the legitimate and moral means, freedom of thought, expression action and association, university autonomy and freedom, to defend the right of a free student press in which students can express their views and opinions on any subject without interference, pressure or censorship from government, education authorities or other non-student bodies."

So gaan die brief voort om soos die V.V.O. van ouds in sake te krap waarvan hulle maar bloedweinig af weet.

## Nusas en die Nie-blanke

In Maart 1961 het Johannesburg se Bantoestudente begin om die moontlikheid te oorweeg van die stigting van 'n „African Students' Organisation". Hulle het gevoel dat die Bantoestudente moet verenig om sodoende in 'n verenigde liggaam saam te kan staan en sogenaamde „evils" soos Bantoe-onderwys effektief te kan opponeer.

Op 17 Desember 1961 is so 'n stigtingsvergadering dan ook gehou in Durban om 'n konstitusie op te stel. Agt-en-tagtig afgevaardigdes was teenwoordig uit alle dele van die Republiek en die Protektorate, behalwe Ngoye. Daar was nie heeltemal eensgesindheid onder die afgevaardigdes nie omdat party daarop gewys het dat so 'n liggaam nie nodig is nie, aangesien NUSAS heeltemal aan vereistes voldoen.

(Binnekort sal die berig ons bereik dat die Engelstaliges 'n liggaam in die lewe wil roep om hulle belange te behartig aangesien hulle nie meer so iets het nie. — Red. Interuniversitêr). („Wits Student" 2 Maart 1962).

### Beter begrip

„Besoeke van buitelanders aan Suid-Afrika sal hulle nie noodwendig tot die land se standpunt met betrekking tot rasseverhoudinge oorhaal nie, maar hulle beslis groter simpatie en 'n beter begrip van die ingewikkelde rassevraagstuk gee."

So sê 'n jong Britse student, mnr. David Killick, volgens die Transvaler. Mnr. Killick het etlike maande gelede met 'n James en George Whitehead-reisbeurs in die Republiek en Rhodesië gereis.

(„Die Transvaler" — Woensdag 21 Maart 1962).

## Die Engelse Taal en ons

Geagte Redaksie,

Ek is seker dat ek namens al die aspirant-joernaliste aan die Puk praat as ek die A.S.B. baie dankie sê vir hul keuse van regter J. F. Marais om as spreker tydens die jongste vergadering van die Bond op te tree. Sy toespraak was besonder insiggewend en het beslis groot byval gevind.

As student en republikein het ek egter diep ongelukkig gevoel oor die trant waarin prof. S. P. van der Walt die spreker verwelkom het. Prof. Van der Walt het, miskien onbewus, 'n tikkie van ongenaakbaarheid teenoor ons Engelssprekende medeburgers openbaar wat tipies van die taalstryders van die „ou skool" is.

Was die verwysing na die onthaal van die Japannese swemmers op Klerksdorp en die beswaar dat daar net Engels tydens die onthaal gebesig is, nou werklik nodig? Watter betrekking het dit per slot van sake op die spreker of op die onderwerp onder bespreking gehad? Is dit nie net 'n



*Prof. S. P. van der Walt*
*Foto: Potch. Herald.*

saadjie van bitterheid wat in die vatbare gemoedere van die studente gesaai is nie?

Suid-Afrikaners het nog altyd geroem op hul gasvryheid en dat hulle die kuns verstaan om hul gaste op hulle gemak te laat voel. Sou die Japannese op hulle gemak gevoel het as hulle tydens die betrokke onthaal na lang Afrikaanse toesprake moes geluister het? Beslis nie! Die meeste Japannese het wel 'n gangbare kennis van Engels maar vanselfsprekend nie van Afrikaans nie. Dit sou nie beleef of paslik gewees het om die swemmers (ons gaste) in (vir hulle) 'n onverstaanbare taal te verwelkom nie.

Nee professor, laat ons tweede amptelike taal nou darem ook tot sy reg kom noudat ons 'n Republiek het. Ons kan maar gerus daardie gevoel van minderwaardigheid wat ons in die skaduwee van die magtige Engelse taal ondervind, afskud. Laat ons die swaard van protes en kerm in die skede terugstoot, die skerp punt van die swaard kan dalk allengs in ons rigting gedraai word.

Laat ons skouer aan skouer saam met ons Engelssprekende medeburgers stap op die pad van Suid-Afrika en nie soos Hans en die Rooinek entjies entjies draf sodat die een darem altyd 'n voorsprong op die ander het nie. Laat ons die leuse „Eendrag maak mag" nie net op feesdae van die verhoog af verkondig nie maar dit elke dag in ons gesindheid teenoor alle rasse- en taalgroepe in ons land openbaar.

GHIBEAU GERBER,
Dawie du P. 7.



*Die President van die A.S.B., mnr. Daan van der Merwe (tweede van links), saam met ander hoofbestuurslede.*

## AFRIKANERJEUG SE TAAK

„Die Afrikanerjeug het nie tyd en is nog minder in die posisie om rond te speel met vreemde idees, ideologieë en ideologante nie. Dit, in teenstelling met baie Westerse jeugorganisasies en jeugdiges wat graag op een of ander stadium in hulle lewe òf ateïsties òf sosialisties of „radicals" wil voorgee te wees," het mnr. Daan van der Merwe, President van die A.S.B. 'n tydjie gelede verklaar.

„In besonder moet die Afrikaanse studerende jeug sy volkswaardes ken en vreemdes daaraan herken. Die Afrikanerjeug is in die besondere posisie dat dit sy volksleiers is wat regeer, maar mag dit nooit vergeet dat dit vir baie jare sy eerste stryd was nie. Dis somtyds makliker om iets te verkry as die verkrygde te behou", aldus mnr. Van der Merwe.

Hy het voorts gesê: „Die A.S.B. wil hom vanjaar besonder beywer om sy Christelik-nasionale grondslag by sy lede sowel as nie-lede tuis te bring. Daarby in besonder ons landsvraagstukke op akademiese wyse te bestudeer en die reeds bestudeerde te volvoer."

(„Die Nuwe Perdeby" — 16 Maart 1962).

## Potch. teen Johannesburg

Dieselfde vasvraspan van Potchefstroom wat Port Elizabeth 'n tyd gelede met die kous oor die kop huistoe gestuur het, kom eersdaags in die Potchefstroomse stadsaal teen Johannesburg te staan.

Die Potchefstroomse span bestaan uit proff. H. Venter, H. J. Schutte en D. W. Krüger.

### *Gestolde Bloed?*

Marianne Serfontein sleep deesdae knaend met Jakkals Reinecke. (Herleef die gestolde bloed van die ouheer?).

## Fires gaan moeilik geklop word

Met 'n telling van 25—3 het Fires die tweede oorwinning van die seisoen op hulle kerfstok geplaas. Hoewel Witrand aanvanklik die oorhand gehad het, het Fires in die tweede helfte mooi reggeruk en hulle swaarder teenstanders met sprankelende spel oorrompel.

Punte is behaal deur Dries Redelinghuys (twee drieë en 'n strafdoel), Barend Lessing (twee drieë), Klaas Heystek ('n drie), P. S. V. van der Walt ('n drie) en Dries Coetzer wat met twee vervyfskoppe geslaag het.

Skrumskakel Des Brown het baie goeie diens gelewer aan sy agterlyn en hulle vinnig weggestuur. Ander uitblinkers in die agterlyn was Redelinghuys en Dries Coetzer.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497
Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Warm uit die oond op die Campus

Die winde van verandering is besig om die Campus deurmekaar te waai, want dinge verwikkel en ontwikkel nou so vinnig soos wat eerstejaardames in die aande terug wikkel koshuis toe om nie meer gehek te word as wat al juis die geval is nie.

Dit is seker ook goed dat hulle so haastig is om binne die veilige omgewing van die koshuis te kom, want die gevare om in die strikke van 'n kys te val is groot. Dit blyk tog alte duidelik uit die aantal kyste wat amper daagliks uitbroei.

Dinge gaan aan die liefdesfront deesdae so voorspoedig dat ek nie eers genoeg koerantpapier hier onder my het om die Campusoond goed leeg te krap nie. Daarom sal ek my hierdie keer maar net moet bepaal by die dinge waarvoor die Campus eintlik bestaan, en dit is kyste.

*Andries de Wet* en *Louise Prins* se kys is by die ter perse gaan alreeds meer as 'n week oud.

*Bernard Buys* (die apteker) loop nou in die aande ook prakties. Hy loop kys-prakties en sy klasmaatjie is *Marinda Bam* van Klawerhof.

Op skielike ingewing, maar na goeie oorweging het *Zuna Vosloo* en *Daan van der Merwe* besluit dat kys nie net vir ander mense bedoel is nie.

'n Ou kys wat nie vermeld is nie, en sedertdien die vuurdoop van die vakansie oorleef het is die een van *Gert Kruger* en *Susan Uys*.

*Kotie du Plessis* van De Klerkhuis is nog nie eers „over-deding" dat sy met *Jan Krüger* van „Over-de-Voor" gekys is nie.

Vra vir *Marthinus Postma* watter gewese doortjie is vir hom die mooiste, en hy antwoord dadelik dat dit *Melva Bekker* is. Dit is mos wat gekystes van mekaar moet dink.

*Jan van der Walt* sal seker ook dieselfde mening oor eerstejaar-dames toegedaan wees, want sy gekyste, *Hetta Jamneck* is mos eerstejaar.

Dit lyk of baie Van der Walt's nou uit die rus van die eeue ontwaak, want *Elmarie van der Walt* is op 17 Maart deur *Willie Coetzee* se wekker-stem wakker gekys.

Wat ek graag 'n kys noem, noem *Pieter Vorster* en *Mimmie Duvenhage* 'n besluit om „vas te sleep".

Die 2e jaarspiekniek hou nou nog vir *Hennie Alberts* en *Sannie Smit* bymekaar. Hulle hou deesdae hul eie piekniek.

*Piet Olivier* het besluit dat Judo ook „you do" kan beteken. „So he did it," en vandag is hy met *Lita Schoeman* gekys. Sy voete is glo totaal onder hom uitgegooi. Dit maak eintlik ook nie saak nie, want hy loop op die wolke.

*Hennie Coetzee* en *Greta Löts* spog met vaste verhouding (of kortweg gesê: vashou) asook Paulina Koole en Niekie Coetzee; Bertie Steyn en Jerry van Vuuren.

As 'n mens nog nie van kys kan praat t.o.v. sekere persone nie, dan kan 'n mens wel gis, maar ter wille van die buitewêreld moet 'n mens maar voorlopig niks sê nie. Ek dink dit is heeltemal die beste dat 'n mens hulle name liewer verswyg en dit geheim hou dat *Koos Hattingh* en *Pietra Hamersma* so gereeld saam gesien word.

Voorlopig sal die nuuskieriges ook maar moet wag, want op hierdie stadium is *Liebrecht Aucamp* en *Johanna du Toit* ook nog net op die „saam gesien"-stadium.

Nou sê ek maar eers weer totsiens tot volgende keer wanneer daar weer baie Campus-kaperjôlle sal wees waaroor ek stoom kan afblaas.

● Die man is gemaak —
mooi maar onnosel.
Mooi sodat die vrou hom kan lief hê; onnosel. sodat hy die vrou kan lief hê.

ONZE OOM LOKOMOTIEF.

## Over Den Voor en Kulu gekys

„Over den Voor" het Donderdagaand 'n gesellige byeenkoms gehad met die dames van Kulu in Kulu se sitkamer. Daar is koek en tee bedien terwyl die lug gevul is met gemengde klanke van gelag, skerts en platespel. Die groot oomblik het aangebreek toe „Over den Voor" se verteenwoordiger, Jan Bradley, die dames van Kulu namens Over den Voor 'n kysaanbod gemaak het. Die dames van Kulu was stom geslaan oor die entoesiasme van hierdie jong spruit op die Campus. Nadat hulle spraakorgane weer in werking getree het, het hulle beloof om dit gunstig te oorweeg na 'n intersleep. Die gevolg hiervan is dat Over den Voor en Kulu die Puk se voetbalspanne op Saterdag 24 Maart saam ondersteun het. (Hand aan hand natuurlik.)

Die aand is suksesvol afgesluit met samesang en daar word uitgesien na die volgende geleentheid.

## P.U.-ATLETE IN W.T. KLEURE

Drie P.U. atlete is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wat gedurende April in Queenstown plaasvind. Hulle is Alta de Kock (skyfwerp), Hentie Joubert (220 en 440 treë) en Pietman Botha (200 en 440 treë hekkies).

DIE WAPAD wens hierdie staatmakers voorspoed toe in hulle kragmetings teen die beste van die Republiek.



*Alta de Kock*

## Fires klop Yskor

Fires, nou reeds bekend as *die beste span op die Puk*, het goed begin en hulle eerste wedstryd 20—0 gewen. Voor en agterspelers het goed saamgespeel en hulle teenstanders kon nie standhou voor die bobaastegniek van die *Vuurmanne* nie.

## Nuwe truie klop Yskor

Of die vere die voël gemaak het, weet ons nie, maar die nuwe truie het meegehelp om ons eerstespan 20—3 te laat seëvier oor Yskor, voorverlede Saterdag.

Piet Steinberg het 'n suksesvolle hertoetrede tot die Puk se rugby gemaak en 'n ware kapteinswedstryd gespeel.

Die wedstryd is teen 'n vinnige tempo afgespeel en daar was by tye pragtige bewegings. Herman Venter en Koos Hattingh het gesorg dat die Puk oorheers in die lynstane en Piet Bingle het dieselfde gedoen in die skrums.



*Herman Venter*

Die agterlyn het deurgaans gevaarlik voorgekom, net jammer dat daar teveel geskop is en die bal soms te lank vasgeklou is. Vleuels kan gerus meer ingespan word. Ons beskik oor twee *spoedige* en gewillige manne.

## 0-19 Gelykop teen Strathvaal

Die ondernegentien A het verlede Saterdag gelykop gespeel teen Strathvaal met 13 punte elk.

Die euwel dat spelers nie opdaag vir wedstryde sal egter moet uitgeroei word, aangesien dit ons spanne in groot verleentheid stel. Saterdag het dit by meer as een wedstryd gebeur en sommige spanne moes net eenvoudig met minder as vyftien man hulle teenstanders aandurf.

## Verswakte Navy kom tweede

Hoewel Strathvaal met die louere weggestap het deur Navy 19—0 (twee doele, 2 drieë en 'n strafskop) te verslaan, het Navy nie sonder eer uit die stryd getree nie.


Met 'n baie verswakte span en spelers wat vir die eerste span moes diensdoen, het Navy in reënweer deurgaans sterk opposisie gebied.

In die agterlyn het Tonie Richards en Tamatie Boshoff goeie dienste gelewer. Jan Kruger, wat verlede jaar nog onder 19 gespeel het, was 'n uitblinker onder die voorspelers.

Verdere name wat genoem kan word, is die van vleuel Le Roux en voorspeler De Beer.

### MANSHOKKIE

Die Manshokkieklub se tweedespan het op Saterdag 31 Maart daarin geslaag om 'n 3—0 oorwinning oor Pote te behaal.



*Piet Steinberg*

## 0-19 Deli onderspit teen Yskor

Hoewel die ondernegentiens teen Yskor 6—5 verloor het, het hulle nogtans goed gevaar en aantreklike spel gespeel. Hulle bewegings kort wel afronding maar die jong manne beskik oor goeie materiaal.

Jona Viljoen en Dirk van Wyk hou groot belofte in vir die toekoms.

Ons vertrou dat die ondernegentiens vanjaar die beker wat verlede jaar vir die eerste keer in baie jare nie deur die Puk verower is nie, weer sal terugbring na die klub waar hy behoort te wees.

## P.U. goed geplaas in Tafeltennisliga

In die voortsetting van die Wes-Transvaal Tafeltennisliga het die P.U. Dames A-span Donderdagaand 'n klinklare oorwinning van 9—1 oor Nederlands A behaal. Dit was 'n welkome opflikkering na hulle nederlaag van 'n week gelede teen Munisipaliteit.

Die Mans C-span het Munisipaliteit verslaan met 10—0. Hierdie oorwinnings bring mee dat al die Puk-spanne tans baie goed geplaas is in die liga. Uit vyf afgehandelde ligawedstryde het die klub vier gewen en een verloor.

Die eerste tuis-ligawedstryde vind vanaand in die Studentesaal plaas, wanneer die Mans A kragte meet met Sanlam A, terwyl die Dames B teen Jeugsentrum A, en die Mans C teen Gold Fields te staan kom. Die wedstryde neem om 7.30 nm. 'n aanvang.

Die klub onderneem gedurende die eerskomende naweek 'n toer na Pretoria en Johannesburg. Wedstryde sal gespeel word teen U. P., Wits en moontlik Yskor.

Dit sal 'n groot terugslag wees indien die klubkaptein, Faan Oosthuizen, wat tans op die krukkelys is, nie beskikbaar sal wees vir vanaand en tydens die toer nie. Nogtans beskik die klub oor jong materiaal wat hom in geen wedstryde in die steek sal laat nie.

# JUDOKLUB GEE POTE KOUS OOR KOP

Met 'n verswakte eerste- en tweedespan het die P.U. Judoklub op Saterdag 31 Maart daarin geslaag om die Pote met die kous oor die kop huis toe te stuur in 'n kompetisie wat in die Studentesaal gehou is. Die byeenkoms is bygewoon deur 'n groot aantal toeskouers.

Onder die eerstespanne was die geveg tussen Simon Botha (P.O.K.) en Piet Olivier (Puk) verreweg die beste. Uitstekende Judo is deurgaans gesien en albei die manne het van soepelheid en beweeglikheid gebruik gemaak. Die mooiste enkelgooi van die dag is uitgevoer deur Willie van Aarde van die Puk.

Die Pukke het, wat die eerstespanne aanbetref, 7—2 gewen in die individuele gevegte en ook die spangevegte gebuit met vier manne oor. Hier het Andre Greef, die ou veteraan en klubkaptein, op een man na met die hele Potespan afgereken.

Die Pote se tweedespan het die Pukke in die individuele gevegte met 3—1 die loef afgesteek maar in die spangevegte het die Pukke weer die bordjies verhang.

Onder die geledere van die tweedespanne kan die naam van Andreas de Jager genoem word. Hy is 'n beginner wat besonder goed gevaar het in die individuele gevegte. Gerrit Kruger het weer in die spangevegte uitgeblink deur vier manne te wen. Die tweedespanne het egter oor die algemeen goed teen mekaar opgeweeg.

### Gradering

Vir hierdie Judomanne lê daar nog 'n besige tydjie voor. Op Saterdag 7 April gaan hulle deelneem aan 'n nasionale gradering in Johannesburg. Sowat sestien Pukke gaan. Dit is die meeste wat die Puk nog na so 'n byeenkoms gestuur het. Daar word verwag dat almal wat gaan by die geleentheid gegradeer gaan word.

Verder is daar nog die S.A. U-kampioenskappe wat van 3 tot 7 Julie in Kaapstad gehou gaan word. Kompetisies teen Wits en Proefplaas word ook nog in die vooruitsig gestel. Die klub is deur verskillende liggame uitgenooi om vertonings te lewer. Een daarvan word gehou tydens die landboutentoonstelling op Ventersdorp.

### TEKKIES

Tekkies het die seisoen goed afgesit en hulle eerste wedstryd op 24 Maart teen Yskor gewen met 8—3.

Verlede Saterdag teen Sasolburg was hulle sommer omgekrap en het die besoekers met 18—0 kafgedraf, nieteenstaande die feit dat hulle slegs met veertien man op die veld gegaan het. Jan Ras en Faan Oosthuizen het baie goeie spel gelewer.

## Onze oom Lokomotief ontspoor

Die redaksie van die WAPAD wil hiermee sy hartlike gelukwense oorbring aan die varia-redakteur, mnr. J. F. Serfontein, wat onlangs gekys geraak het met mej. Lydia Pelser.

Mnr. Serfontein, wat 'n nagraadse student in die Fakulteit van Opvoedkunde is, het mej. Pelser tydens die gemengde uitkenningsparades ontmoet. Mej. Pelser is 'n eerstejaarstudent aan die P. U. vir C.H.O.

(Eersteligavleuels sal seker graag wil uitvind hoe Kupido daarin geslaag het om hierdie blitsige kêrel neer te trek!)

# S.S.B. beweeg in nuwe rigting

Die Sentrale Sportbestuur van die P.U. het die jaar 1962 goed afgesit met die aanbieding van 'n geslaagde programaand op Donderdagaand 15 Maart. Die idee van 'n filmvertoning oor verskillende sportsoorte het blykbaar groot belangstelling gewek met die gevolg dat die bywoning bo verwagting goed was, behalwe vir die afwesigheid van die dames by wie die idee blykbaar posgevat het dat daar by die programvergaderings van die S.S.B. net oor rugby gesels word, waarin baie van hulle blykbaar nie belang stel nie.

Dit was egter 'n unieke onderneming van die kant van die S.S.B. om 'n filmvertoning te hou ten einde meer belangstelling te wek en die program self enigsins op te helder. Van die kant van die massa het dit groot byval gevind en 'n herhaling by 'n latere geleentheid sal geensins die saak holrug ry nie.

Die film oor Roger Bannister se vier-minuut myl was so spannend (dit duur slegs vier minute en vertoon die wedloop van begin tot einde), dat dit op versoek vir 'n tweede keer vertoon moes word. Verdere films wat vertoon is, was die 1956 Olimpiese Spele, die toets tussen die Springbokke en die Wallabies in Sydney, Australië, en 'n film oor krieket waarin die Springbokheld, Jackie McGlew, 'n gemaklike demonstrasie gee van houe wat op die krieketveld uitgevoer word.

As gasspreker die aand, het opgetree prof. W. N. Coetsee met die onderwerp Sport en die Calvinis se benadering daartoe. In sy uiters insiggewende bespreking het prof. Coetsee gesê dat hy die massa toespreek as sportman teenoor sportmanne en nie as professor teenoor 'n gehoor nie.

## Sportkultuur

In die buiteland word beweer dat ons van sport, en veral rugby, 'n deel van ons kultuur maak. Hierdie bewering strek ons egter ten goede omdat sport 'n middel kan wees waardeur die kultuur verhoog en hoog gehou kan word. Sport was trouens van die vroegste tye af 'n deel van die kultuur — die Romeine het 'n sterk sportelement in hulle kultuur gehad.

Sport het ook 'n spesifieke doel: die bevordering van die gesondheid en die opbou van 'n gesonde liggaam. 'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees en daarom is dit verkeerd teenoor die roeping van die liggaam om 'n onhigiëniese lewe te lei.

Die rede wat die hoërskoolkind gee vir sy deelname aan sport, dat sport lekker is, som volgens prof. Coetsee die waarde van sport op. Sport vir die lekker moet gesoek word in die samestelling van die menslike persoonlikheid. Dan kom twee van die basiese drange na vore, nl. selfbehoud of selfhandhawing en kompensasie. Sport is 'n uiting van die persoonlikheid en die sportman put genot uit die feit dat hy homself handhaaf. Nou kry die sportman ook geleentheid om te kompenseer omdat sport een van die geleenthede is waar hy wel kan kompenseer. Selfs die persoon wat verstandelik nie baie aanleg het nie, maar 'n goeie sportman is, kompenseer vir homself op daardie gebied. Hy handhaaf homself op hierdie gebied.

Sport is 'n middel tot 'n doel en nie 'n doel nie; dit is die middel waardeur die doel bereik kan word. Die Calvinistiese beskouing van sport kan op vier punte baseer word:

## Sosiale waarde


Die sosiale waarde van sport is nie te versmaai nie. Hier leer die individu om sy medemens in aanmerking te neem en nie selfsugtig te wees nie. In hierdie opsig meen prof. Coetsee dat spansport die hoogste vorm van sport is omdat dit selfbeheersing, eerlikheid, 'n sin vir regverdigheid en verantwoordelikheid aanwakker. Dit ontwikkel dus die persoonlikheid op sosiale gebied en verryk terselfdertyd die gees. Sport het dus in hierdie opsig ook dissiplinêre waarde; waarde wat nie net vir die oomblik is nie maar die sportman die res van sy lewe bybly.

● Die liggaam is 'n tempel van God en gaan ten nouste saam met die gees. As ons die twee van mekaar wil skei bestaan daar 'n gevaar. Daarom moet ons die liggaam rein hou en dissiplineer. Sport is een van die middele daartoe.

## Tot eer van God

● Ons moet alles wat ons doen, doen tot eer van God — ook sport. Sport moet nie elemente bevat wat nie tot eer van God strek nie en moet ook nie beoefen word vir selfverheerliking nie. Die mens moet deur die beoefening van sport en deur die rein hou van sy liggaam sy Skepper vereer. Wanneer hy dit doen ter verheerliking van homself beantwoord hy nie aan sy hoogste doel nie.

● Die gebod: Jy mag nie doodslaan nie, geld ook op die gebied van sport. Die sportman moet homself beheers.



*Prof. W. N. Coetzee, wat as gasspreker voor die S.S.B. opgetree het.*

● Staan daar in die Bybel iets van sport? Dit staan nie in soveel woorde in die Bybel nie, maar Paulus vergelyk die stryd van die gees met 'n sportman. Faulus het 'n groot bewondering gehad vir die dissipline van die sportman en as Romeinse burger was hy in kontak met sport. Met 'n Christelike beskouing gebaseer op bogenoemde punte kan die sportman die hoër doel van die lewe bereik.

# Navy verslaan

Navy het in 'n baie mooi botsing vir Yskor 17—0 gewen. Navy se voorspelers het hulle baie goed van hulle taak gekwyt teen die swaar pak staalmanne. Die driekwarte het baie bestendig vertoon op aanval sowel as verdediging.

B. de Beer en Spekkies de Villiers is 'n groot aanwins vir hierdie span.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# Stoei spook om mas op te kom

'n Amper onbekende onder die P.U.-klubs is die Stoeiklub. Hierdie groepie „matmanne" onder leiding van hulle kaptein Gappie Schulze voer 'n moedige maar moeilike bestaan.

Onder al die Pukke is daar net twaalf mans wat aktief belang stel en deelneem aan hierdie eeu-oue manlike sportsoort. Die klub se probleme word vergroot deur die gebrek aan 'n ontspanningsaal. Hulle oefentye is ongerieflik omdat dit by die ander klubs en verenigings s'n moet inpas. Wedstryde en toernooie is feitlik onmoontlik om te reël aangesien die studentesaal vir elke naweek van die jaar deur iemand anders bespreek is.

Desnieteenstaande gaan die stoeiklub voort en ontbreek dit by hierdie twaalftal geensins aan geesdrif en toewyding nie. Daar word gereeld Maandae en Dinsdae in die middag geoefen en Saterdae in die oggende. Tans berei hulle voor vir 'n vertoning wat hulle saam met die Judoklub op 3 Mei te Ventersdorp gaan lewer.

Verder in die toekoms lê daar nog die S.A.U.-kampioenskappe gedurende die wintervakansie. Moontlik sal daar ook nog 'n toernooi teen Wits gehou word. Op 9 Maart is reeds aan 'n toernooi deelgeneem waar stoeiers van die Puk, Pote, Strathvaal en Hoërskool Gimnasium met mekaar kragte gemeet het. Van die agt gevegte waarby Pukke betrokke was, het hulle vyf gewen en vier trofeë verower. Onder die Pukke wat gewen het was daar drie nl. Quax Haggesteek, Hans Vahrmeyer en Viljoen wat vir die eerstekeer in hulle lewe, na drie oefeninge, gestoei het.

Ook Piet Goosen, wat vroeër vanjaar amper die finaal in die Transvaal-kampioenskappe bereik het, het sy geveg oortuigend gewen.

Die klub het op die betrokke aand egter 'n verlies gely wat hulle vir die res van die jaar gaan voel. Ben Hoffeld is sodanig beseer dat hy nie gou weer sal kan stoei nie. Vir 'n klub met twaalf lede is dit 'n gevoelige slag en om die saak te vererger is Hoffeld 'n ligswaargewig en hulle is baie moeilik bekombaar.

Die Wapad wil egter hierdie klub alles van die beste toewens vir die toekoms. Daar sal moontlik nog in hierdie jaar begin word met die oprigting van 'n nuwe ontspanningsaal en by die voltooiing daarvan sal die meeste van die stoeiklub se probleme seker opgelos wees.

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*



Rugby op hoë noot

# EERSTESPAN DRAF KROONSTAD WANDERERS VAN VELD AF

**Nadat hulle met rustyd 6—3 agter geloop het, het die Puk se eerste rugbyspan Saterdag op Kroonstad daarin geslaag om Wanderers, een van die sterk spanne van Noord-Vrystaat, met 36—6 kaf te draf. Daarby moet in aanmerking geneem word dat die P.U.-span in die tweede helfte met veertien man moes klaarkom.**

Die Pukke se spel wou aanvanklik nie vlot nie. Die rede moet gesoek word in die feit dat hulle te gretig was om oop rugby te speel. Die gevolg hiervan was dat konstruktiewe spel in die wiele gery is deur los bewegings wat die verdediging kaal gelaat het.

Na dertig minute se spel het daar 'n keerpunt in die wedstryd gekom toe die Puk-voorspelers meer aandag aan die vaste spel bestee het. Hierdie feit sou dan ook lei tot Wanderers se nederlaag. Wanderers wat tot op hierdie stadium kwaai teenstand gebied het en mooi rugby gespeel het, het nou begin swig voor die aanslae van die Puk-voor- en agterspelers.



*Koos du Plooy*

Lionel Philips moes die veld verlaat as gevolg van 'n enkelbesering, waarop Koos du Plooy na senter verskuif is, waar hy *stewig* vertoon het. Rustyd breek aan met die Pukke op die aanval. Na rustyd gaan die Puk met hulle goeie spel voort — die voorspelers speel vas en die agterlyn benut elke moontlikheid om aan te val. Die samespel tussen die voor- en agterspelers het nou die deurslag gegee.

Die punte is hiervandaan opgestapel deur die Pukspan. Pieter de Villiers, wat aanvanklik gesukkel het met sy stelskoppe, het hierna telkens die kol gevind met sy skopskoen.

Die skrums en die lynstane word nou heeltemal oorheers deur die Puk-voorspelers. Aan Wanderers-kant moet die naam van Bok Fourie, oud-Puk, genoem word. Die Pukspan het as span goed gekombineer en dit het die deurslag gegee tot die oorwinning.

Die punte is aangeteken deur Koos du Plooy (twee drieë), Johan Serfontein (twee drieë), Kobie van der Walt (twee drieë) en Piet van der Schyff (een drie, wat deur homself vervyf is). De Villiers het vir die ander punte gesorg met drie strafskoppe en twee vervyfskoppe.

Wanderers se punte het gekom deur twee drieë, een deur Bok Fourie.

● Die Pukke kom nog fiksheid kort, maar alles dui op 'n goeie rugbyseisoen vir die *lemoentruie*. Melding moet ook gemaak word van dr. Troskie wat die wedstryd uitstekend hanteer het. Dit het tot resultaat gehad 'n baie goeie gees tussen die spelers aan beide kante.

## PUKKE VAAR GOED OP KAMPIOENSKAPPE

Die Pukke het goed daartoe bygedra dat die Wes-Transvaalse Atletiekkampioenskappe 'n groot sukses was.

V. de Kock het die Wes-Transvaalse rekord vir skyfwerp onder 18 gebreek. Alta de Kock en Hentie Joubert het oudergewoonte eerste plekke verower in die skyfwerp en 440 tree vir seniors onderskeidelik. Willie Coetzee, met sy korrekte styl, kan beslis maar dopgehou word. Hy het twee eerste plekke in die hekkieslope verower.

Pietman Botha, Koos Hattingh, Gerda Bester en Rawlins het goed gevaar en spog elk met 'n tweede plek in hulle onderskeie items.

## Krieketspan speel klaar met Lichtenburg

Die Krieketklub het op Saterdag 10 Maart 'n klinkende oorwinning behaal oor Lichtenburg in die laaste wedstryd van die seisoen.

Die wedstryd moes eintlik oor twee Saterdae strek, maar nadat die Pukke so goed afgesit het, het Lichtenburg besluit dat dit nie die moeite werd is om verder te speel nie en het hulle maar die punte ingestuur.

Lichtenburg het eerste gaan kolf en kon slegs 73 lopies aanteken. Dit was veral as gevolg van goeie boulwerk deur Bauer wat 5 paaltjies ingeoes het vir 21 lopies. Vorster het ook goed geboul en is beloon met 2 paaltjies vir 8 lopies.

### Kolwers

Die Pukke het in hulle kolfbeurt 'n stewige totaal van 208 lopies aangeteken wat twee uitstekende individuele pogings ingesluit het. Johan Vorster was met sy tegnies korrekte en aanskoulike styl vir 69 lopies verantwoordelik. Gerrie van Niekerk het ook goed gevaar deur 62 daar te stel.

Die P.U. Krieketklub het aldrie sy tweedeliga-wedstryde gewen.

## *O-19 B Verloor*

Die Yskor onder 20-span was een te veel vir ons onder 19 B en het met 6—3 as oorwinnaars uit die stryd getree. Die voorspelers het hulle ouer en swaarder teenstanders goed onder die knie gehad, maar 'n paar swak punte in die agterlyn sal moet uitgestryk word.

Jorrie Jordaan (vleuel) en Gert Lindeque (skrumskakel) gaan nie lank wag op bevordering nie.



*Faan Oosthuizen, Kaptein van die Tafeltennisklub.*

# TAFELTENNIS SOEK SPELER VIR EERSTESPAN

Die Tafeltennisliga het goed afgesit op 22 Maart toe twee spanne oorwinnings behaal het oor Klerksdorp-spanne op Klerksdorp. Hierdie klub behoort sonder moeite as oorwinnaars uit te tree in sy afdeling van die liga.

Die Mans A-span het Klerksdorp Munisipaliteit A 6—4 verslaan. Die kaptein, Faan Oosthuizen, het uitmuntende spel gelewer en al drie sy wedstrye gewen. Faan bly nog steeds die nommer 1 speler in hierdie afdeling. Nick du Plooy, wat ook al sy wedstryde gewen het, begin sy ou vorm herwin, en met hierdie kombinasie gaan die ander spanne swaar lewe. Die klub is egter op soek na 'n derde speler vir die eerstespan.

Die mans B-span het 'n weghol oorwinning behaal oor Jeugsentrum Klerksdorp met 9 teenoor 1. Belowende vertonings deur Schalk Erasmus en Piet Marais kan die probleem van 'n derde speler vir die eerste span oplos. Op hierdie stadium sal Erasmus waarskynlik die beste keuse wees.

Die Dames A-span was minder gelukkig en het 1 — 9 verloor teen Munisipaliteit. Slegs Frieda Pieterse kon een spel inpalm.

## Jukskei op dreef

Vir die eerste keer sedert sy bestaan, beskik die Jukskeilaer vanjaar oor vyf spanne (3 mans- en 2 damesspanne). Die standaard is vanjaar besonder hoog, as in aanmerking geneem word dat ervare spelers soos Faan Oosthuizen en Jerry van Vuuren beide al vir die tweede span moes gooi.

Nuwe talent wat vir hierdie laer nog baie penne gaan inoes, is Antonie en Carl Welman onder die mans en Debbie Eloff onder die dames.

Verlede Dinsdagaand het die Puk naelskraap verloor teen Potch. Dorp, maar Woensdag daarvoor vergoed deur 'n oortuigende oorwinning oor P.O.K. te behaal. Al vier spanne wat gespeel het, het hulle wedstryde gewen.

Saterdag het die laer sy eerste laerdag gehou, wat baie suksesvol van stapel gestuur is. Al die spanne het goed gevaar en op die dag se spel het Puk 'n derde plek behaal uit ses spanne wat deelgeneem het.

## DAMESHOKKIE VERLOOR STAATMAKERS

Hoewel die hokkiespeelsters van die Puk se eerste ligawedstryde eers op 28 April begin, oefen hulle reeds gereeld twee keer per week om fiks te word. Op die oomblik speel hulle nog, soos in die verlede, sonder 'n afrigter.



*Buddy Howell*

Die eerstespan het 'n gevoelige verlies gely deur vyf van verlede jaar se spelers te verloor. Onder hulle is Buddy Howell wat seker een van die bestes was wat die Puk nog opgelewer het. Sy was dan ook lid van die Proteaspan wat gedurende die somervakansie deur Europa getoer het en daar so goed gevaar het.

Met oefening behoort die span vanjaar egter glad nie terug te staan vir hulle voorgangers nie. Onder die eerstejaars wat nou vir die klub speel, is daar 'n paar baie belowende speelsters en met gereelde oefening en goeie samespel behoort die span in hulle veertien ligawedstryde nie te sleg te vaar nie.

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034/2